



## TOULEIER

### Trein gee nuwe betekenis aan Bitterfontein



Ek dink hoe minder ek vertel van ons blommetreintrië, hoe beter! Daar was darem een groot, vet hoogtepunt: Die Bosduifklip buiteligrestaurant naby Lambertsbaai.

Kyk, daai Kobus en Aletta Engelbrecht KAN! Moenie verby ry nie. Stop en eet en kuier. Maak reg vir baie eet en moenie te veel van die verskillende soorte tuisgebakte brode en konfyt eet nie, hou plek vir die vis en die vleis. En vir die poeding.

Vergeet maar eers van Muisbosskerm (veral as jy al klaar daar was) en beplan so effe jou trië dat jy die pad tussen Clanwilliam en Lambert teen laatmiddag aanvat. Moenie te veel eet vir brekfis en middagetie nie. O ja, jy sal moet bespreek, die webwerf is [www.bosduifklip.co.za](http://www.bosduifklip.co.za). Daar sal jy al die kontak besonderhede kry en sommer baie meer.

So van Namakwaland gepraat, verstaan my mooi, daar is en was nog nooit iets verkeerd met daai streek nie. Moet tog net nooit saam met Setimela Toere 'n reintrië daarheen onderneem nie. Ons het halfpad van die trein geklim en self verder getoer. Hulle sê as jy niks goeds van iemand kan sê nie, sê liewer niks. Goed so, dan sal ek maar liewer niks meer oor Semi-mental Toere sê nie. Net, Bitterfontein en Knersvlakte, woorde is wat nuwe betekenis vir my gekry het.

Op 'n heel ander noot en tog uit die selfde kontrei, was daar baie goeie terugvoer oor ons Laslappie-vervolgverhaal, *Nuwejaar op Strandfontein*. Hier is 'n paar aanhalings:

**Dr. Marina van Loggerenberg:** "Dis 'n pragtige storie – ek is mal daaroor. Die mense het 'n rykdom segswyses wat ons kan vermaak tot die koeie huis toe kom! Ek en Etienne ry mos nou elke maand Upington toe om 'n groepie studente van die Noordwes Universiteit daar te fasiliteer (dis die nuwe woord vir studente "begelei) Nou kom ons ook met die mense van die Noord-Kaap in aanraking, en die taal is regtig 'n belewenis.

Uit Australië skryf **Danie en Elize:** "Puik, kan nie wag vir die volgende een nie!!! Dankie, en groete daar in SA."

**Yvonne Stander**, wat hier neffens my in Sandton werk, laat weet: "Dit laat my nogal aan Oubaas van Sewende Laan dink. Ek kyk uit na die volgende episode."

#### WENBRIEF KOM UIT IERLAND

Die week is ons briewebus propvol van julle reaksies op die 'kuns'-foto wat ons so aspris in die vorige Kammanuus geplaas het. Ons was verkeerd om te dink die Kammalanders is aan't doodgaan!

Die wenbrief kom uit Dublin Ierland en ons R100 Kalahari geskenkbewys gaan aan **Thea Van Rensburg**. Sy brei uit oor wat mens als op die foto kan waarneem sonder dat sy een keer aan sentrale tema raak of daarna kyk!

#### FONDS VIR AFRIKANERS

Laastens, "Die bal is aan die rol gesit vir bemagtigingsprojekte soos die *Afrikaner-gemeenskap nog nie gesien het nie*". Só berig *Rapport* van Sondag 14 September.

Ek wil vandag 'n ernstige beroep op Kammalanders maak om hulself in te lig oor hierdie GROEIFONDS wat Solidariteit so pas geloods het. Hulle het reeds R1.5miljoen uit hulle eie ledetal bewillig. Onsdorp staan 100% agter hierdie wonderlike idee wat op hulp vir Afrikaners gemik is. Ek gaan julle binnekort vra om julle beursies oop te maak. Kyk solank na

[http://www.news24.com/Rapport/Nuus/0,,752-795\\_2392970,00.html](http://www.news24.com/Rapport/Nuus/0,,752-795_2392970,00.html)

**Hennie Greeff**

**Gomorra, Duskantland**



## ROELFIE SLAAT RAAK

### □ Skaap, kombes vir Mango

DIT lyk nie vir Roelfie of die minister van siektes, Mango Sjokolade-Piesang, baie gewild en bemind is nie - nie as 'n mens kyk na die lysie geskenke wat sy in die volkiesraad se register aangeteken het nie.

Bo-aan die lys is Terror Dakota, die minister van oorlog, wie se lys 'n hele A-4 bladsy in fynskrif beslaan. Onder sy geskenke tel 'n jagmes, 'n handgemaakte pistool, perperduur whisky en brandewyn en drie horlosies.

Hierteenoor het miesies Mango 'n skaap, 'n fotoraam, 'n kombes en 'n rok gekry.

► **Lyk vir Roelfie sy eie geskenk - 'n boekie oor noodhulp vir beginners - het nooit by haar uitgekom nie.**

### □ Leer baie belangrik

MAAR so van geskenke gepraat, Anakonda Vierbal, die minister van tronke, ry glo al amper twee jaar lank met 'n luukse viertrek van R700 000. Hy het dit nie op sy lys van geskenke verklaar nie, en hou vol hy het dit met sy eie geld gekoop.

Nou is dit ook interessant – maar nie vreemd of nuut nie – dat die kar gefinansier (geskenk?) is deur dieselfde maatskappy wat die afgelope paar jaar kontrakte van R800 miljoen van Vierbal se departement gekry het.

Sal dit nie pret wees as ou Vierbal in een van sy tronke se selle beland nie! Roelfie meen te sê Tony Yengbenzi het mos self die binnekant van 'n tronk so skrams gesien oor die groot afslag wat hy vir 'n ryding beding het.

► **Soos Roelfie al voorheen gesê het: As jy met 'n donkiekar en 'n baisiel grootgeword het, is dit seker vir jou baie belangrik om leer onder jou boude te voel.**

### □ Al skoppende word Mabula man

DIE gewese president van die ANC se sandputkinders, Fikile Mabula, het verlede week 'n bra seer verrassing op die lyf geloop nadat dit aan die lig gekom het dat hy nog nie 'n ware man is nie.

Hy dog nog sy kamerade is baie gaaf om hom na Kaapstad se lughawe te neem, toe die motor skielik sy roete verander en die bosse inry, waar 'n man met 'n mes op hom gewag het.

Mabula het hom glo met geweld verset en probeer vlug, maar hy is oorrumpel en van 'n stukkie vel verlos. "Ek was verbaas dat daar leiers in die ANC is wat nog seuns is," het die man met die mes agterna gesê.

► **Roelfie is bly om te sien daar is nog keiers wat van hul voerpunt af ly.**

### □ Hoe werk dit?

NOU ja, dis iets soos 14 jaar laat, maar die ANC het uiteindelik by monde van sy adjunkleier, Gaanlêmaar Motlampie, erken dat Duskantland se swart onderwys in 'n gemors is.

Eintlik werk dit goed in die tradisioneel wit en Indiër-gemeenskappe, maar "hoegenaamd nie" in swart gemeenskappe, seg Motlampie.

► **Nou wonder Roelfie mos net hoe is dit moontlik dat regstellende aksie kan werk met die produkte van 'n stelsel wat 'n gemors is?**

### □ Tatta, tata Thabo

EN nou is dit tyd om tatta te sê vir tata Thabo: 'n verdelende en rassistiese leier, 'n slegte bestuurder en 'n siniese manipuleerder.

Tafelenbedjie se nalatenskap is 'n land wat nog kwalik funksioneer, waarin alles by die dag agteruit gaan en in chaos en korrupsie verval..

► **Maar Roelfie vrees sy grootste nalatenskap is die albatros Storkop Zuma, 'n man wat eintlik in die tronk hoort. Eisj!**



Dr. Mango (in die rooi rok) en die skaap.

# Allegaartjie

---



Nege dinge  
wat  sê  
en wat hulle bedoel

## 1. Goed

Dit is die woord wat vroue gebruik om 'n argument mee te beëindig wanneer hulle reg is en jy moet stilbly.

## 2. Vyf minute

As sy besig is om aan te trek, beteken dit 'n halfuur. Vyf minute is net vyf minute wanneer jy nog net vyf minute se kyk na die wedstryd het voordat jy met dinge in die huis moet kom help.

## 3. Niks

Dit is die kalmte voor die storm. Dit beteken altyd iets, en dat jy op jou tone moet wees. Argumente wat met niks begin, eindig gewoonlik met "goed."

## 4. Gaan voort

Dis 'n uitdaging, nie toestemming nie. Moenie dit doen nie!

## 5. \*Luide sug\*

Dit is eintlik 'n woord, maar is 'n nieverbale stelling wat dikwels deur mans misverstaan word. 'n Luide sug beteken sy dink jy is 'n idioot en dat sy wonder waarom sy haar tyd mors deur met jou oor niks te argumenteer. (Verwys #3 vir die betekenis van "niks".)

## 6. Dis goed so

Dit is een van die gevaarlikste stellings wat 'n vrou teenoor 'n man kan maak. "Dis goed so" beteken sy wil hard en lank dink oor hoe jy vir jou fout gaan betaal.

## 7. Dankie

'n Vrou bedank jou, moenie dit bevraagteken of flou word nie. Sê net dis 'n plesier.

## 8. Wat ookal

Dis 'n vrou se manier om te sê vlieg na die hel.

## 9. Toemaar, ek het dit

Nog 'n gevaarlike stelling. Dit beteken dat sy besig is self om iets te doen wat sy jou al verskeie kere gevra het. Dit sal veroorsaak dat die man "Wat's fout?" vra. (Vir die vrou se antwoord, sien #3.)

[Stuur die lys vir die mans wat jy ken, en waarsku hulle hoe hulle argumente kan voorkom as hulle die terminologie onthou.](#)

[Stuur dit ook aan al die vroue wat jy ken. Dit sal hulle plesier verskaf, omdat hulle weet dit is die waarheid.](#)

---

## Ek is baie lelik . . .

◇ Ek was so 'n lelike baba, my ma wou my nie borsvoed nie. Sy het gesê sy hou van my net as 'n vriend.

◇ Toe ek gebore is, het die dokter by die wagkamer ingekom en vir my pa gesê: "Ek is jammer. Ons het alles gedoen wat ons kon, maar hy gaan dit maak."

◇ Ek is so lelik, my ma het eers ná my geboorte oggendsiekte gekry.

◇ Hulle wou my een jaar gebruik as 'n plakkaat vir geboortebeperring.

◇ Ek het een keer weggeraak, toe vra ek 'n polisieman om my te help om na my ouers te soek. "Dink jy ons sal hulle ooit kry?" het ek hom gevra. "Ek weet nie," het hy gesê. "Daar is só baie plekke om waar hulle kan wegkruip."

◇ My vrou het my so ver gekry om by 'n brugklub aan te sluit. Ek spring volgende Woensdag af.



# Dié week se giggels

## BAIE WARM

"Dis vandag te warm om klere te dra," sê Hendrik toe hy onder die stort uitstap.

"Liefie, wat sal die bure dink as ek die gras so kaal loop sny?"

"Hulle sal seker dink ek het jou vir jou geld getrou."

## VROUEGEBED

Liewe Heer

Ek bid vir Wysheid om my man te verstaan, Liefde om hom te vergewe en Geduld vir sy buie. Want, Heer, as ek vir Krag bid, sal ek hom doodslaan. Amen.

## WENSDENKERY

Wat is die toppunt van wensdenkery?

'n Muis met 'n ereksie wat op sy rug in die Vaalrivier afdryf en skree:

"Lig daai blerrie brug!"

## VAKANSIE

Die meisie se verloofde stuur vir haar 'n poskaart uit Italië:

"Ek hou heerlijk vakansie. Florence is absoluut fantasties."

Sy skryf terug:

"Geniet dit. Willem is net so wonderlik!"

## REGTE KAMELE


Die dominee besoek Israel en kom op 'n skare af.

"Wat gaan hier aan?" vra hy.

"Nee", sê een ou, "hier kom nou-nou 'n trop kamele met kaal meisies op verby."

"O", sê die dominee, "dan wag ek maar. Ek het nog nooit 'n regte kameel gesien nie."

## DIEËT



"As jy die kersie bo-op met 'n crouton vervang, tel dit as slaai."

## EET JOU PAMPOEN!

Die ma sê vir haar seuntjie wat nie sy pampoene wil eet nie: "Wag maar, vannag kom die duiwel jou haal!"

Daardie nag begin dit vreeslik reën. Die donderweer dreun en weerligstrale klief die lug. Die ma raak bekommerd en wil by haar seuntjie gaan sit totdat die weer opklaar. Tot haar verbasing is hy nie in sy kamer nie. Sy kry hom voor 'n oop yskasdeur besig om pampoene te eet.

Kort-kort prewel hy: "So 'n moerse lawaai, en dit oor 'n bietjie pampoene!"

## WOEDE

Woede is 'n toestand waarin die tong vinniger as die brein werk.

## TWEE ATOME

Twee waterstofatome stap by die kroeg in.

Die een sê: "Ek het my elektron verloor."

Die ander een sê: "Is jy seker?"

Die eerste een antwoord: "Ja, positief."

## TWEE BIERE

'n Man stap met 'n stuk asfalt by die kroeg in, en sê: "Een bier vir my, en een vir die pad, asseblief."

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





## MAKERIEPAS!

### Wagstaan op Rooikop se lughawe (slot)

Deur Kanonnier H.J. Greeff

*In deel een het ons die grootbek bombardier PJ Botha mooi voorberei vir 'n bangmaak-sessie in die nanag-wagstaanbeurt op Rooikop se lughawe in die woestyn buite Walvisbaai. Vermom met lang jasse en balaklawas, het ons sy wagpos uit die woestyn se rigting genader toe die mis al lekker laag tot amper op die grond gehang het.*

Die doringdraad heining om sy wagpos was sowat 20 m van die gebou af. Toe ons gedempte brommery onder mekaar hom uit sy sluimering wakker maak, kon ons duidelik hoor hoe vroetel hy in die donker vir sy geweer en sy tweerigting- radio.

As 'n mens paniekbevange raak, vat jy mos als mis.

Dan kry hy sy geweer, en ons hoor hom halfhartig uitroep: "Halt! Who goes there!"

Ons raak stil. PJ, beweeg ook nie. Hy is nie seker of hy iets gehoor het nie.

Ná 'n lang, swanger stilte brom een van ons weer iets.

"Stand or I will shoot" knortjank PJ so half soos 'n brak maak as hy weet hy moet blaf, maar besef hy sal nie kan byt nie.

Ons begin pluk aan die draadheining. Duidelik hoor ons hoe PJ sy R1 geweer oorhaal. "Go away!, I will shoot!"

Die stem raak effe meer hees en effe meer skril. Ons hoop maar net Frik het regtig gesorg hy het net 'n leë magasyn in sy geweer.

"Frik, Frik, kom in," hoor ons hom gedemp oor sy radio roep. Al wat antwoord, is Frik.

"Frik, kom help, hier is F\$%\$#n groot k\*k!"

Geen reaksie van die wagkamer nie. Dan hoor ons hoe hy in die rigting van die hek begin beweeg. Hy is te bang om sy flits aan te skakel. Die mis is dik en dis pikdonker, twee-uur in die oggend.

Ons maak opsetlik geraas soos ons hardloop, sodat PJ kan besef ons is ook op pad na die hek toe aan't beweeg. Dan begewe alle moed die man.

"Help, Help!" skreeu hy terwyl hy sy geweer eenkant toe slinger en begin hardloop. Hy hardloop die hek heel mis, en soos kettierukke gooi die doringdrade hom so drie tree terug.

Soos blits is hy weer op, skree steeds soos 'n maer vark, kry dan die hek en daar gaat hy. Hardloop skoon die brandemmers met sand in van hulle hakke af soos hy die draai om die wagkamer maak.

Hygend storm hy in en skree vir Frik hulle moet kom help, die lughawe word aangeval!

Frik hou hom dom. Die slapende manne word almal wakker en begin swets in egte armytaal op PJ.

"Jy's laf man, daar is g'n Ters nie!"

"Asseblief, julle MOET my glo", kerm-pleit PJ, maar Frik wil niks weet nie.

"Waar is jou geweer!" raas hy eerder met PJ. "Gaan haal jou geweer!, Jy weet mos 'n soldaat is nóóit sonder sy wapen nie!" bulder Frik op die arme man.

PJ lyk nou of hy hom wil natmaak. Dan besef ons, wat die hele petalje deur die venster dophou, dat dit nou genoeg is en stap ons die wagkamer in en ruk ons balaklawas af.

PJ was so verlig dat dit net ons was, dat hy skoon vergeet het om ons te vermoor. Daarna was hy baie minder grootbek.

Hy het ook gesorg dat hy nooit weer in ons diensgroep was nie.



## Ons vriende met vlerke

Deur Reinderd Visser

### Die hamerkop is 'n nesbouer van formaat

Ek het die afgelope paar maande gesels oor 'n hele paar voëls wat WATER as hul blyplek verkies. Sommige woon letterlik op die water (eende, bleshoenders, dobertjies), terwyl ander – die sogenaamde waadvoëls – langs of in die vlak water rondwand (soos strandkiewiete, elsies en reiers).

Vandag se koddige voël – die vuilbruin hamerkop (ook sy Engelse naam) met sy naamgewende kuif op die agterkop – pas by laasgenoemde.

Hy is lief om al langs riviere, damme of by vleie te stap op soek na 'n roekelose padda of vissie wat sy skerp oë tart. Meer as een leser het al vertel van hul dammetjie in die agterplaas met klein vissies in. Of dan sonder vissies nadat meneer hamerkop 'n paar keer 'n draai kom maak het.

Vlak poele met klein talapias of selfs jong khoi visse is vir 'n hamerkop soos 'n kitskoskafee. 'n Net oor die poel totdat die vissies te groot is vir die karnallie om te vang is miskien 'n goeie idee.

Die hamerkop is, ondanks die ergernis wat hy vir 'n paar mag bring, eintlik 'n spesiale voël. Hy word gerespekteer en selfs in sommige kulture gevrees, en 'n afbeelding van een is al tussen oeroue rotstekeninge gesien.

Buiten enkele plekke soos Madagaskar en Suid-Arabië kom hy net in Afrika voor en is enig in sy soort.

En ja, ons het hom hier by ons ook. Hy is boonop 'n rekordhouer in eie reg – geen voël in die wêreld bou 'n groter nes as hy nie!

Dit kan 'n deursnee van tot 2 meter hê, is byna net so hoog en kan tot 100 kg weeg! Die geduldiges wat hom al dopgehou het, sê dit kan tot 6 maande neem om 'n rêrige grote te bou.

Hy versier sy nes met allerhande rommel, ook wat hy van jou ashope en selfs (by uitsondering) jou wasgoeddraad kan steel. Dit gebeur darem nie gereeld nie, maar daar is al selfs 'n silwer teelepel in een se nes gevind.

Binne-in hierdie deurmekaar massa is 'n tunnel en 'n kamer waar hy sy eiers lê. Bye en uile is daarvoor bekend dat hulle hamerkopneste oorneem, en dan moet hy maar weer voor begin. Hulle word tot 20 jaar oud, dus is daar is darem genoeg tyd vir die bou van 'n volgende nes van rekordgrootte.

Hamerkoppe is redelik individualisties. Jy sien hulle selde in groepe, maar kom jy een (of sy nes) teë, kan jy gerus 'n tydjie afknyp om hom dop te hou.

Het jy iets interessants raakgesien? My e-pos adres is reinderd@webmail.co.za



### Die blondine se legkaart

Die blondine bel haar kêrel: "Kom asseblief oor en kom help my. Ek is besig met 'n monster van 'n legkaart, en ek weet nie eers waar om te begin nie."

By haar aangekom, wys sy hom waar sy al die onderdele van die legkaart oor die tafel versprei het.

Haar kêrel vra: "Wat moet dit wees as dit klaar is?"

"Wel," antwoord sy, "kyk hier. Volgens die prentjie op die boks moet dit 'n hoenderhaan wees."

Hy het die spul só gekyk, en sê:

"Wel, daar is geen manier waarop ons dit na 'n hoenderhaan kan laat lyk nie. Nou wil ek hê jy moet ontspan. Maak vir ons 'n lekker koppie tee, en dan," sê hy met 'n diep sug, "help jy my om die flokkies in die boks terug te sit."



## Brood vir die Blik

### Anna se volkoringbroodjie

250 ml volkoringmeel	250 ml meelblom
20 ml bakpoeier	knypie droë mosterd
knypie rooipeper	2 ml sout
12, 5ml ui, gekap	250 ml Cheddarkaas, gerasper
1 eier	250 ml afgeroomde melk.

Voorverhit die oond tot 200 °C. Smeer 'n broodpan met botter. Plaas die meelblom, volkoringmeel, bakpoeier, mosterdpoeier, rooipeper en sout in 'n mengbak. Voeg die ui en kaas by. Klits die eier saam met die melk en voeg dit geleidelik by die meelmengsel. Meng goed. Plaas die deeg in die broodpan en bak 25-30 minute.

Moenie die brood voor die volgende dag sny nie.

**Hierdie resepte kom uit een van Anna Eksteen se groot reeks**

**e-kookboeke.** Gaan besigtig hulle met die volgende skakel:

[www.onsdorp.com/kookpunt.html](http://www.onsdorp.com/kookpunt.html) Ook 'n ideale en bekostigbare geskenk!



## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

**Ter inleiding wil ek net noem dat daar 'n ongelooflike klomp Coetzees op Ons dorp se stamboomafdeling gelys is.**

**Ek sal graag wil hoor of julle klomp darem met mekaar praat of gepraat het, of sit elkeen en wag dat die ander moet kontak maak? Julle klomp Coetzees, skryf asb. en gee terugvoering! - Hennie**

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

#### BOTES

[jan@reboni.co.za](mailto:jan@reboni.co.za)

My pa was Wietz Jacobus Botes en sy pa Jan Jacobus Botes (ek het my oupa se name). Het op Kroonstad grootgeword. My pa was op Brandfort en is later na Rhodesië.

#### LOUW

[maurson@bigpond.com](mailto:maurson@bigpond.com)

My oupa was George Stephanus Louw en was blykbaar 'n prokureur en dosent by die Universiteit van Potchefstroom in die 1920's. Hy was met 'n Marguarete Robertson Truter getroud.

Ek wonder of daar iemand is wat dalk 'n foto van hom het. Die rekords van die iniversiteit se jaarboeke is later na die Universiteit van Pretoria gestuur. Miskien is daar inligting en 'n foto daarin.

Kan iemand my dalk help? Hy was ook later, in die 1930's 'n prokureur in Lichtenburg.

Beulah Kennedy (nee Louw)

Alle **VERMEULEN's**, asook die nageslagte van John William MOORE getroud met Margaret Louis DAVIS, en Isaac Stephanus de Villiers SWART getroud met Anna Susanna DE VILLIERS

Veral inligting oor enige Suid-Afrikaanse VERMEULEN sal verwelkom word, aangesien ek besig is om die huidige VERMEULEN-geslagsregister by te werk.

[jverm@lantic.net](mailto:jverm@lantic.net)

#### VAN DEN BERG

[marin@hit.co.za](mailto:marin@hit.co.za)

Ek is op soek na inligting oor Van den Bergs wat in die periode 1918 -1955 in Brakpan se omgewing gewoon het. Het iemand vir Gawie geken - hy het in 1945 - 1947 haker vir Brakpan-dorp en Brandwag-skool se eerstespan haker gespeel. Daar was ook Darra, Lily (Sutherland) en Charles. Ek is op soek na hul ouers se inligting.



# BRIEWEBUS

## Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com) en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

### Kammanuus se lesers laat waai oor kunsfoto

#### **DIE ARME HOND!**

**THEA VAN RENSBURG, Dublin:**

Ek het die spul nou so sit en bekyk en toe 'n paar dinge oor myself uitgevind!

As die voorgrond nie saak maak nie, maar jy dink wasgoed is darem maar nie 'n mooi agtergrond nie, dan besef jy, daar is niks meer wat jou kan skok nie.

As jy jou oe skrefies trek soos jy kyk of die man kaalvoet is en of hy wit sokkies aan het, dan besef jy dat jy weet 'n man word nie somer van sy sokkies geskei nie. Jy wonder wil hy nou 'n punt bewys oor die grootte van 'n man se voete?

Derdens, as jy nie kan ophou om die hond te ontleed nie, weet jy jy is al baie lank met 'n sielkundige getroud! Die arme ding lyk vir my tot in sy hondesiel depressief. Hy staan in die gras vas asof hy dink: "is dit nou die mense oor wie ek altyd opgewonde by die deur rond gespring het?"

Net daar kry ek 'n innige jammerte oor my vir daardie hond wat lyk of hy alles in die lewe verloor het, en met 'n skok besef ek weereens, gee my maar enige dag 'n hond as 'n beste vriend.

Nou al hierdie gedagtes is eers deur my kop, voordat ek enigsins by die kuns aspek van die jammerlike prentjie kon uitkom. Miskien is ek te lief vir diere van die viervoetige soort om my te veel te verwonder of bekommer oor wat die tweevoetiges doen.

#### **GEEN PROBLEEM - HULLE LYK GELUKKIG**

**GEORGE FAZAKAS, Potchefstroom:**

Ek het geen probleem met die foto op bladsy drie nie. Maar dit kon groter en duideliker gewees het.

John Lennon en Yoko Ono het jare gelede so een gedoen vir een van hulle plate en daar is meermalig ge-*pose* deur musikante, kunstenaars ens. sonder klere aan.

Die Afrikaner of konserwatiewe Afrikaner is skaam vir sy liggaam en dit sien ek al die jare. In Europa loop mense sonder 'n kyk na jou toe kaal op strande rond van ouderdom 1-80.

As die gesamentlike gesindheid van mense nie so konserwatief was sou seksuele misdaad dalk ook laer in die land wees. Die mense in die foto voel gelukkig, dus watter reg het ek om dit te kritiseer?

#### **DIE VADER HET ADAM EN EVA GEKLEE**

**JENNY TALJAARD, Potchefstroom:**

Ag nee wat, ek dink dis hoekom ons land in so 'n toestand is. As Vader in die hemel wou gehad het ons moet naak loop, sou Hy nie vir Adam en Eva klere gegee het nie. Kom ons hou die "naaktheid" maar bedek. Laat ons ook nie eendag voor ons Skepper staan en moet verduidelik waarom ons die belaglikhede toegelaat het nie.

#### **BROEKLOSE MAN GEEN KUNS**

**RINA:**

Ek dink nie dis kuns nie want daar is niks mooi of kunstig aan 'n man sonder 'n broek nie. Die vrou lyk darem nog orraait.

#### **DIE FOTO**



**Ons wou verlede keer weet  
wat ons lesers van hierdie  
wenfoto in die Sasol-  
kompetisie dink.**



## **SOMMER KOMMIN**

### **DANIE PRINS, Kaap:**

Nee wat, ek is geneig om met Sasol saam te stem. Hierdie is nie kuns nie, dit is swak pornografie. Dit laat mens nie eers ongemaklik voel nie, dit herinner eerder aan daardie katagorie blankes waarmee niemand gesien wil word nie, nl. f-n kommin.

## **TEKEN VAN DIE TYD**

### **LIEB LIEBENBERG:**

Ek weet nie eintlik meer wat kuns is en wat nie. Die foto het my slegs laat glimlag omdat die hond so *sad* lyk. Dit moet ook seker maar 'n portret van 'n disfunksionele gesin wees en wat die teken van die tyd is. Nou nie iets wat ons sal koop om teen ons mure te hang nie.

Dalk sal die Chinese meisies van die outjie hou omdat hulle net badproppies gewoond is, maar ek is maar skaam om so iets aan hulle te wys, netnou dink hulle ons adverteer ons land en daar is mos al genoeg Chinese, of hoe?

## **WAT IS NUUT AAN DIE FOTO?**

### **LOUISE VENTER:**

Ek wil graag kommentaar lewer op die kunsprys wat toegeken is.

- Kuns laat jou, volgens Gerrit Brand anders kyk.

- Kuns laat jou, volgens David Kramer, iets sien wat jy nog nie kon sien nie

Wat is anders, wat is nuut, wat is besonders wat nog nie gesien is aan die foto?

- Kuns is, volgens my eie beskeie mening 'n gawe wat iemand het om iets uniek te 'skep' om aan ander met trots te wys sodat hulle dit kan bewonder.

Daar moet 'n WOW! faktor wees.

Hierdie foto het GEEN WOW! eienskappe nie! Nie mooi nie, nie besonders nie, vertel nie 'n storie nie, geen goedvoel emosies nie. Kuns? Glad nie!

Baie dankie aan SASOL wat nie net agterna draf om "in" te wees nie, maar standpunt inneem!

## **PRENTJIE MAAK SKAAM**

### **NEL VAN NIEKERK:**

Ek is glad nie beïndruk met Richardt Strydom se familieportret nie ook nie met Gerrit Brand se kommentaar nie en sy metafoor oor David Kramer staan my ook nie aan nie.

Ek skaam my dat mense van my Volk hierdie prentjie publiseer, dit sluit jou in HENNIE. Ons Afrikaner Volk het vyande wat groot genot daaruit put om ons moraal aan te tas en en vir my lyk dit of hulle sommige media betaal om dit te doen.

Kom ons staan saam en besluit dat ons jou web tuiste gebruik as afspring plek om ons mense op te bou en ons moraal hoog te hou.

## **LIGGAAM IS 'N KUNSWERK - MÉT KLERE**

### **INA MINNAAR, Westpark:**

Die liggaam van die mens is inderdaad 'n kunswerk, God se kunswerk. As die Skepper van dié kunswerk wou gehad het dat ons naak deur die lewe gaan sou hy nie vir Adam en Eva klere van blare gemaak het om hulle naaktheid te bedek nie.

Naaktheid van mense wek wellus op wat mense in hulle sondige natuur nie kan beheer nie en dit is een van vele sondes wat verbied word in God se Woord. Elke mense sal verantwoording moet doen oor sy dade aan die einde van die dae.

## **PRIVAATDELE IS PRIVAAT**

### **LOUISE RADEMAN, Illinois, VSA:**

Ek dink die foto van die halfnaakte man en vrou is onsmaklik. Ek verkies dat mense hul privaatdele privaat hou en dit respekteer.

## **KUNS SE G-T!**

### **BARRY PRETORIUS, Hermanus:**

Met die plasing van sulke gemors *de-grade* julle ons nuusbrief! Julle raak nou erger as die *Son*!

Soos Roelfie sou sê: "Kuns se gat!!! Dis bloot swak smaak!!!"

Ek stem saam met Sasol. En wat die wenner betref - hulle moet die Stry uit sy van verwyder, dan is hy net Dom. Dis ongelooflik wat iemand sal doen om aandag te kry.

*(Nee, ons wou die lesers net iets gee om oor te skryf! Die man met die lat het nou agterna te vertel die foto is al jarre gelede geneem, en sonder sy medewete of toestemming vir die kompetisie ingeskryf. - Hennie.)*

# AGTEROS

## Blommetoer met 'n steeks bakkie

Deur ANDRÉ DIPPENAAR

***"Onderbroekrekke is nie pantyhose nie. Pantyhose is wrywingbestand – soos Shark-ondersteuners. Onderbroekrekke is bloot vir support."***

Tot Woensdag se kant (ná die treumare-toets teen die All Blacks) het ons twee vrinne in 'n lamferwaas geleef. Praat nie veel nie, loop en bloei binnekant toe! Selfbeeld in sy maai.

Brandewynbeloftes en nuwejaarsvoornemens, so reken Dippies, het half-en-half 'n sterk ooreenkoms met die verwekking van die meeste laatlammetjies. Wanneer die brieke oor daai oordadige aanwending van 'n ou Wellingtontjie beginne gly, worrie 'n man mos nou nie eintlik oor die botsing en sy gevolge nie!

As 'n man dan nou per ongeluk van die beloftetjie vergeet, so filosofeer hy, het dit mos die vuil gewoonte om jou met dieselfde slag te tref as die aankondiging van die koms van 'n laatlammetjie. Onverwags, amper soos appelkoosmaag!

Woensdag was Frik-goed se appelkoosmaagdag. Herinner die rokvolk hulle twee mos ewe aan die blommekyk-belofte. En nie sommer net só nie – herinner soos in reisplan, transport, spyskaart, reëls en alles met militêre presisie. En dis tot 'n drankvrye kultuurtoer verklaar.

Frik mompel ontsteld iets van "Bleddie *buns* vreet wat lyk of dit in 'n African Grey se hok grootgeword het, vrot vannie sonneblompitte" en "tee suip soos 'n span pastoriekoeke wat 'n kinnerkransdans beplan".

Saterdagoggend. Blou Datsun 1400 met *canopy* vat koers blomme toe. Frik iesegrimmig self agter die stange.

Dippies, die GPS van vlees en bloed, dui koers aan. Rokvolk en Frik se twee spruite agterin by die koelboks vol sappies, *buns*, vrugterolletjies en ander kilojule-afwerende middels gepak.

Gerrie Pretorius kerm hulde aan Bles op die CD.



TUSSEN Kersefontein en Aurora se afdraaipaaie lê die noodlot op loer soos 'n struikrower. Vir die van julle wat dalk nie weet nie: Dis nou op pad tussen Velddrif en Piketberg – die roete blomme toe.

Een moerse slag onder die enjinkap. Alternatorliggie gloei rooier as 'n *escort girl* se geverfde toonnaels. Toerdirekteur Frik roep na boven en beslis nie in afsmeiking van genade nie.

"Donnerse *fanbelt* het gekalf. Dis nou mooi, dis nou donners mooi!" diagnoseer hy.

"Pappa, die kinders", maan die liefde in Frik se lewe hier vanuit die passasiers-gedeelte. "Kinders se gat!" brom die drywer en trek die toerbus af.

Krap in die rooi *tool*boksie rond, maar g'n niks spaar *fanbelt* nie. "Susan", kommandeer die busdrywer, "een van julle vroumense moet nou vir my 'n *pantyhose* gee vir 'n nood-*belt* tot in Piketberg."

Wat's die kanse? Rokvolk getooi in jeans en *panties* sonder *hoses*! Blommetoer in sy moer.

Adviseer die GPS: "Frik, vat jou onderbroek se rek, die ding behoort te hou tot naby Sanddrift, dan bel ons vir Gys om te kom help."

Mor Frik tot agter 'n rooipitjebos en kom 'n minuut of wat later terug bakkie toe met die Jockey-noodhulp in sy hand.

Onderbroekrekke is nie *pantyhose* nie. *Pantyhose* is wrywingbestand - soos Shark-ondersteuners. Onderbroekrekke is bloot vir *support*, amper soos Stormer- *fans*. Skaars 500 tree verder gloei rooi-oog weer, maar nou soos 'n sigaretkooltjie, kompleet met 'n wolk rook wat onder die enjinkap uitborrel!

"Vandag staan en brand die bleddie bakkie nog uit!" bulder Frik. Stilhou, deur oopmaak, uitspring en enjinkap oplik - gesinchroniseerd - so asof die noodprosedure vooraf geoefen was.

□ □ □ □

MOET myself eers in die rede val. Noodbeplanning, so reken onse vrinne toe hulle agterkom die blommetoer is ononderhandelbaar, is nie in 'n vroumens se verwysingsraamwerk nie.

Dippies is 'n diep denker. "Tussen daai blomme en fynbos krioel dit van slange en gifgoed. Sal 'n Wellingtontjie onder die seat moet bêre net vir ingeval 'n gifding een van ons bykom. Met my suikerprobleme moet 'n Coke Zero saamgaan. Vrugtesappies donner my dalk net in 'n koma in."

Ses Kastele is 'n bekwame elikser vir "sonsteek en dehidrasie" reken Frik toe hulle Vrydagaand die noodhulp onder die sitplek wegsteek.

Verlede Saterdag het Dippies agtergekom dat 'n Zero wat val en 'n brandblusser net een verskil het - voorkoms!

Kook Datsun verwoed. Rook en vuur onder die enjinkap! Gryp Frik die brandende onderbroekrek en smyt dit doer tussen die bosse in. Laat val Dippies 'n Zero en spuit die 1400 se enjintjie te midde 'n stoom Zero tot bedaring!

"Pa", kla Klein Frik, "praat met Sareltye, hy sit en poep vrot hier agter in die bakkie. Ons kan dit nie meer hou nie!"

"Frikkie, jou taal. Sommer lus en spoel jou mond met seepwater uit. Mens sê 'wind gelaat', nie daai lelke p-woord nie," betig Susan.

"Ma, hy't nie 'n wind verlaat nie, ruik my hy't in sy broek geskyl!" mor Klein Frik. Nes die spul Israeliëte destyds met oorle Moses - met niks tevrede nie. Regte spul klagatte, dink Dippies amper hardop.

"Sharrap en help hom om dit op te ruik!" grom Frik.

"*Ruiter van die windjie*" sing Gerrie.

□ □ □ □

FRIK se moer is nou so suur soos makouk-k en die nerwe van die res van die toergroep ook maar rou geskawe. Dippies probeer neef Gys skakel, maar niks gemaak nie. Boggerol sein en nog minder verkeer. "Groter kans dat die pous 'n buisswangerskap gaan ontwikkel as wat ons het om nou gehelp te word," loop en brom hy.

Nkosi sikelel' iAfrika! Redding. Dube's Taxis - met *whitewall* tyres en al - kom stop. Lyk vir Dippies of 42 staande en 28 sittende passasiers uit die Toyota-minibussie bondel.

Die anties hol met bont komberse bosse se kant toe. Hurk in 'n ry soos kallers in 'n voerkraal en doen wat mens moet doen as liters Stoney's Gingerbeer jou knypers oorval.

Die manne tou lyndraad se kant toe en gaan staan geslurp, soos 'n trop Thuliblok olifante skuimkolle anderkant die draad en spuit.

Voor jy kan sê "kaper se gat" is nuwe *fanbelt* op. Kós die toergroep. Dippies doen teësinning afstand van sy bottel gifgoedweerder.

Ses Kastele help die stoters uit die taxi om lewe in die battery terug te huldig. Frik so somber soos 'n Hoogendoorn, Human en Pitt ondernemer van ouds!

Blomme toe, sing die Datsuntjie se *tyres*.

"*I am the eagle you're the wind*" sweef Gerrie.

Soos grafte swyg die drywer en sy GPS.

□ □ □ □

NOU'T Moeder Natuur mos 'n manier om teësinninge blommeekykers aan haar boesem te koester. Só hol Datsuntjie Piekenierskloof uit. By die laaste draai bo gryp sy in met 'n wolkekombers.

Al wat *daisy*, vygie en veldblom is se gesiggies trek toe. Skaam. Soos 'n oujongnoi wat 'n *glow-in-the-dark*-kondoom by 'n tombola gewen het!

Trek Frik die toerbus af. G'n niks se blommeekykery verder vandag nie. Rokvolk se gesigte hang soos 'n vellesmous se broekgat.

"Toemaar, Mamma," troos Frik - vals, soos 'n varsgedrukte R3 noot - "kom ons gaan sit by 'n tafeltjie langs die pad. Dan eet ons al daai lekker goedjies wat julle ingepak het. Volgende naweek lyk die weer dalk beter, dan maak ons weer so."

Gril Frik en Dippies African Grey *buns* af met sappies en rooibostee. Frik sommer so staan-staan. Sementstoeltjie se koue hopeloos te naby aan sy Jockeylose

stêre. Dink hy so by homselwers aan sy oorle ouma Jaatjie se vermaninge van  
"Ingilse puisies kry van so half kaal op die koue sement loop sit!"

Draai hy die Datsun vol Israelite se kop terug na die vleispotte van Vredenburg  
en sit voet in die hoek.

"*Love is my destiny*" moedig Gerrie aan.

Oos, Wes, Tuis bes!

"Plaas lat ons liever bleddie rugby gekyk het," mymer 'n Wellingtonlose Dippies  
toe Frik-goed met die Datsuntjie om die hoek verdwyn

**KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 6 OKTOBER**